PERSVERKLARING : Senwes Tussentydse Resultate - 2016/17 Finansiële jaar

Embargo: 6 Desember 2016

Senwes tussentydse resultate uitpresteer droogtesiklus

Senwes, een van die grootste landboubesighede in Suid-Afrika, het vandag sy tussentydse finansiële resultate vir die ses maande geëindig 31 Oktober 2016 aangekondig.

Nieteenstaande die droogte is goeie resultate, wat die siklus uitpresteer het, behaal. Die maatskappy reflekteer 'n wins na belasting van R91 miljoen, teenoor die wins na belasting van R103 miljoen vir die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar.

Dividendverklaring

Die direksie het besluit om die oorweging van 'n interim dividend uit te stel tot Maart 2017, wanneer daar meer duidelikheid sal wees oor die potensiaal van die huidige seisoen.

Belangrike Finansiële Aanwysers

- Genormaliseerde wesensverdienste per aandeel is 53,9 sent (57,4 sent verlede jaar).
- EBITDA verhoog na R262 miljoen (+9.6%)
- EBIT is R240 miljoen (+10.6%)
- Opbrengs op ekwiteit van 4.8%
- 'n Verhoging in die netto batewaarde van 46 sent per aandeel.

Vooruitsigte

'n Goeie tot normale reënseisoen word steeds voorspel vir die volgende ses maande en indien dit sou realiseer, word goeie tot bo-normale aanplantings verwag. Dit sal

egter eers 'n positiewe impak op die 2018 finansiële jaar hê en die groep sal steeds die volgende ses maande met lae aktiwiteite en 'n hoë risiko-omgewing moet oorleef.

Verwagte brandstofprysverhogings, die effek van die sterker dollar na die verkiesing in Amerika, ons eie onstabiele politieke omgewing en die moontlike verdere verlaging in kommoditeitspryse vir die nuwe seisoen kan produsente onder verdere druk plaas. Senwes sal omsigtig wees met betrekking tot die uitrol van sy strategie en, sodra 'n goeie seisoen bevestig word, sal hy voortgaan met sy strategiese ontplooiingsprogram.

Einde.

Uitgereik deur:

Senwes
Japie Fransman
japie.fransman@senwes.co.za
083 253 4745

Namens:

Francois Strydom
Hoof Uitvoerende Beampte: Senwes Groep